


# Katjie-Kapperjolle 3

***Liewe Amperse Rooikat-Ouers***

Die Neuschwanstein-Kasteel, in Füssen (Duitsland) is die kasteel van die Disney-logo en mense reis van oor die hele wêreld om na die mooi kasteel te gaan kyk. Weliswaar om die kasteel op sy heel mooiste te kan sien, moet jy oor 'n wankelrige hangbrug loop en van daar jou foto neem. As jy genoeg moed het en jy kom tot in die middel van die brug, wat voel asof hy enige oomblik gaan meegee en jou in yseling-wekkende dieptes gaan laat aftuimel, dan neem die besoeker die mooiste foto's. Eers dán lê die asemrowendste aansig van die kasteel wat op plakkate is, voor jou!

Toe hulle egter 'n man aanstel wat die toue diens en elke plankie mooi vasslaan en daar 'n kundige aangestel word om jou te wys hoe om jou lyf te draai om die brug se swaai-impak tee te staan sodat jy nie voel asof jy val nie, toe het méér mense die waagmoed aangegryp om te stap en te kyk. Voorheen het baie net tot by die begin van die brug gekom en dan maar omgedraai, omdat die risiko's te veel gelyk het. Party het 'n eerste tree gegee en as die eerste plankie wriemel onder die voet en die hangbrug begin swaai, het hulle summier omgedraai en vir die tweede beste aansig geswig en teruggegaan sonder die wonder-like "WOW".

Om nie te swig vir tweede beste planne nie, moet ons koppe bymekaar sit sodat elke plan voortvloei na 'n stewige hangbrug toe waarmee ons Rooikatte kan vorentoe stap met waagmoed.

Ons speel eers blokkies vir lekker, dan met begeleiding sodat wanneer ons in graad 1 nuwe blokkies kry wat geprogrammeer kan word tydens die Kodering-periode, die hangbrug mooi swaai. So kan een vaste plankie na die volgende vaste plankie ons skielik laat opkyk en ons amper die onmoontlike kan verrig. Die plan is mooi in plek gehou deur bepanning, kundiges en vaardige onderhouers. Dan doen ons die regte dinge reg en ons Rooikatte word vaartbelyn voorberei vir die toekoms sonder dat lekker speel en kindwees ge-gaps word.

Hóé ons die wát doen, bepaal ons kinders se toekomsgemak in die wêreld waarin hulle groot word, maar dis ons hartsplan om elke dag ons Rooikatte na die mooiste uitsig te begelei sodat hulle kan skitter, maar tone nog in bome kan klim ook! Speel is ons werk, maar hóé ons speel, maak sterk!

**Annieka Moolman (Adjunkhoof: Akademie en Kommunikasie)**



KLEIN begin word GROOT gewin!









# Welkom, liewe nuwe Rooikatjies van 2025!



Ons is opgewonde om jou te verwelkom as 'n RooiKat of RooiSkat by ons Graad R-Sentrum waar jy kan kom speel-speel leer en baie baljaar!

Die beste-este van dié nuwe avontuur is ...

jou eie Rooikat-Kattermaatjie-maatjie wag vir jou!

Baie welkom by ons Graad R-Sentrum, waar speel ons werk is!

## Hoe werk Rooikat-tyd?

**ELKE DAG**

06:40 Hek oop (ons hek is vanaf 06:40 oop vir ons maatjies)

08:00 Graad RR gebruik die hek in Duvernoystraat by Rooikatland en Graad R-Rooikatte gebruik die Graad R-hek by die Graad R-Sentrum in January Masilelarylaan.

Ons dag begin! Ons eet pap by die skool dat ons magies lekker vol is!

Speel-speel word ons super slim, slimmer, super CP-

# JANUARIE 2025! Hóé doen ons die wát?

### DINSDAG, 14 Januarie 2025

- Jou juffrou wag al Dinsdag, 14 Januarie 2025, vir jou!
- Pappa, Mamma en hul Rooikat gaan 08:00 na jou klassie toe en help in die klas gou nesskop met skryfbehoeftes uitpak. Jy kan sommer enige gewone klere aantrek.
- Neem jou liefste juffrou se hand en gaan sit op jou eie stoeltjie saam met jou klasmaatjies en ontmoet jou eie Kattermaatjie-maatjie! Hierdie maatjie mag tot Vrydag elke dag saam met jou skool toe kom.
- Pappa en Mamma neem jou weer 08:45 na die kuiertjie in die klas huis toe.



## WOENSDAG, 15 Januarie 2025

- Op Woensdag, 15 Januarie 2025, hardloop jy en jou Kattermaatjie-maatjie, sommer reguit na jou eie klas vir jou eerste skooldag.
- Dis jou eerste dag vir jou nuwe kamma-kamma skoolklere: wees mooi getooi en gereed vir 'n eerste skooldag-foto in jou ROOI HEMP en SWART KORTBROEK (seuns) of swart skort (broek-rompie, dogters).



## ROOIKATTE IS SLIM KATTE!

In die somer speel ons lekker kaalvoet dat ons tone sommer in die sand kan inwriemel.

Jou naam is jou belangrike wapen: skryf dit op al jou klere.

Ons Rooikat-hoed is te koop by ons Rooikat-Klerewinkel.

Ons kamma-skooldrag is te koop by Constantia Uitrusters in Mendelsohnstraat.



## SATERDAG, 1 Februarie 2025

*08:00—10:00 is Platresies-tyd*

Jou eerste speel-speel atletiekbyeenkoms is op die velde voor die pawiljoen! Ons hard-loop platresies, waar almal medaljewenners is.

Sorg dat jy jou vinnigste broek en helderste hemp aantrek. Dankie dat elke RooiKat en RooiSkat deel gaan neem, want so word ons saam-saam deel van ons eerste positiewe skoolervaring!

**Staan saam, hol saam, wen saam!**



## WOENSDAG, 11 Februarie 2025

'n Geselsie met Juffrou!

Pappa en Mamma kan lekker met jou juffrou kom gesels, maar ons vertel later meer.

Ons kan nie meer wag nie!

Ons tel al slapies!


**2025 HIER KOM ONS!**

# SPEELSTASIES IN VRYSPEEL-TYD!

## *NÓG 'N LEKKER WEEK!*















ROOIKATTE ROER LEKKER, WANT ONS SPEEL OM DINGE TE KAN DOEN!

# ROOIKATTE HET:






























# BEKENDSTELLING

## GRAAD R- EN RR-NASKOOLSENTRUM

*Hier word die skool ook ons huis!*

**Naskool se telefoonnommer: 079 372 6439**

**Naskool se e-posadres: graadradmin@lscp.co.za .**



## Daaglikse roetine

### Graad RR-kleuters

12:30: Middagete

12:50: Middagslapie (waar reëlings getref is)

14:00: Peuselhappietyd

14:30 Vryspel.

### Graad R-kleuters

12:30: Middagete

13:00: Register word geneem.

13:15: Vryspel

### Almal

14:10 Ons loop 'n draaitjie in die badkamer.

14:15 Peuselhappietyd: Toebroodjies, vrugte en koeldrank word voorsien.

15:15 Aktiwiteitsuur in groepsverband.

16:00 Ons loop 'n draaitjie in die badkamer.

16:10 Peuselhappietyd



# Algemeen

- Ons versoek vriendelik dat u persoonlik u kind kom haal. Indien iemand anders u kind kom afhaal, moet u asseblief vooraf reël deur voor 14:00 'n e-pos te stuur na graadradmin@lscp.co.za of 'n skriftelike toestemmingsbrief saam met u kind stuur. Indien u na 14:00 reëlings tref dat ie mand anders u kind kom afhaal, versoek ons dat u die persoon se naam en ID-nommer na die Naskool se selfoon SMS.
- Die weeklikse spyskaart is op aanvraag beskikbaar. As u kind aan buitemuurse- aktiwiteite op die skoolterrein deelneem, sal u kind na die aktiwiteite geneem word en weer deur Naskool- personeel gehaal word.
- Vrydae is vrolik en spring ons springkasteel en doen 'n kunsaktiwiteit!
- Pak asseblief vir u kind 'n ekstra stel klere in.
- Geen koeldrank nie asseblief. Waterbottels is welkom.
- Geen speelgoed gedurende skooltyd nie. Op Vrydae en vakansietyd mag speelgoed op eie risiko saamgebring word.

## Skoolvakansies:

- Kinders kom in gewone klere skool toe – lekker gemaklik sodat hulle met gemak kan klim en klouter!
- Aktiwiteite word steeds aangebied.

## ONTMOET ONS NASKOOL-HOOF



**Me. Niekie Prinsloo**

**NASKOOL-HOOF**

Juffrou Niekie Prinsloo is lief vir kinders en ken Laerskool Constantiapark deur en deur. Sy werk nou saam met Juffrou Ilse en saam vorm hulle 'n formidabele span waar ons Graad R– en Graad RR-Rooikatjies 'n middaghuisie het.

Hierdie Juffrou steel sommer met die wegtrek harte want sy pas elke Naskool-Rooikatjie ook op asof elkeen haar eie is. Sy het 'n hele span personeel wat in die middag sorg dat elke Rooikatjie rustig en veilig voel en na hartelus kan bly speel: dis so lekker by die skool, hulle wil nie huis toe gaan nie!

# ‘N KYKIE NA ONS NASKOOL SE VAKANSIESKOOL


















# VRYDAG IS SNOEPIE

## *In hierdie lekker land, koop jy bederfies met net R10!*





**STAP 1:**

Bring jou katbeursie met R10.

(Ons deel die katbeursies aan die begin van die jaar by die Graad R-Sentrum uit.)



**STAP 2**

Rits op jou fietsie na die Snoepie toe. Ons kietsies op fietsies is in 'n japtrap by die Snoepie.

Broooommmmmm… jou fietsie se wiele draai vinnig, want die Snoepie se bederfies roep!



**STAP 3:**

Betaal jou R10-geldjie uit jou beursie.



**STAP 4:**


Kies jou KLEUR:

Almal se R10 koop eintlik dieselfde bederfies by die Snoepie: tjippies of toffies en jy kan die kleur van jou lekkerdingetjie kies!









# SKRYFBEHOEFTEPAKKET:

# GRAAD R-SENTRUM (GRAAD R)

By Kuierdag is die skryfbehoefteverskaffer, SINIKEZA, wat ook ‘n winkel klipgooi van die skool af oopmaak teen einde Oktober, teenwoordig met skryfbehoeftepakkette te koop of om te bestel. Ouers is welkom om ook die pakket self aan te koop waar hulle sou wou*.

**KOSTES:**


Gr. R-pakket R553,68

Gr. R-tas R274,50

Buitemuurse sportsak R140 (opsioneel en dalkies eers soos hulle nodig kry.

Ons het pas ‘n tenderproses afgehandel om skryfbehoefteverskaffers se pryse in die mark te toets. Sinikeza het hulleself as voorkeurverskaffer posisioneer.

- Vir ouers wat dalkies ‘n ander tas oorweeg: loer by Kuierdag na die rakhokkie waarin die tas moet pas, sodat die tas net binne in die wegpakhokkie pas, anders maak dit moeilikheid.

| *Naam van item* | *Hoeveelheid* |
|---|---|
| **M&G Houtgom 120ml** | **2** |
| **M&G Gomstafies 43g** | **4** |
| **Parrot Witbordmerkers Stel van 4** | **1** |
| **Maped Skêr (Linkerhand of Regterhand)** | **1** |
| **M&G Uitdraaikryte Stel van 14 (klein stelletjie)** | **2** |
| **M&G Watercolour pen** | **1** |
| **Maped My first JUMBO WAX Colour Peps - 12** | **1** |
| **M&G Oliepastelle 12’s** | **1** |
| **Klein Bordborsel** | **1** |
| **Croxley Waterverf 12 kleure** | **1** |
| **Croxley A4 Witbord** | **1** |
| **Sneesdoekies 100** | **2** |
| **Wet wipes** | **2** |
| **Pakkie Elastoplast pleisters** | **1** |
| **“My Clear Bag” Meeco Book Bag Rooi** | **1** |
| **A4 Flipfile 10 pockets rooi kangaroe** | **1** |
| **Swart skooltas**   | **1** |

# SKRYFBEHOEFTEPAKKET:

# ROOIKATLAND (GRAAD RR)

By Kuierdag is die skryfbehoefteverskaffer, SINIKEZA, ook teenwoordig met skryfbehoefte-pakkette te koop of te bestel. Ouers is welkom om ook die pakket self aan te koop waar hulle sou wou*. Sinikeza het ook ‘n winkel (vanaf einde Oktober) klipgooi van die skool af.


**KOSTES:**

| | |
|---|---|
| Gr. RR-pakket | R732 |
| Gr. RR-tas | R274,50 |
| Buitemuurse sportsak | R140 (opsioneel en dalkies eers wanneer benodig is). |

- Loer op Kuierdag na die rakhokkies waarin die tasse moet pas, sodat wanneer ouers dalkies ‘n ander tas koop die wegpak in die rak nie ‘n probleem is nie.



| *Naam van item* | *Hoeveelheid* |
|---|---|
| **Roomysbak** | **2** |
| **Croxley Gomstafie 36g** | **2** |
| **Maped Skêr (Linkerhand of Regterhand)** | **1** |
| **Maped/Faber-Castell Klei-skêr** | **1** |
| **Pritt Jumbo Vetkryt** | **1** |
| **Dik koukies 12 kleure** | **1** |
| **Sneesdoekies 100** | **1** |
| **Wet Wipes** | **2** |
| **Pakkie Elastoplast pleisters** | **1** |
| **Croxley A4 Wit Bord** | **1** |
| **Legkaart 24-Stuk** | **1** |
| **Faber Castelle Uitdraai Kryte 12’s** | **1** |
| **Parrot Witbord Merkers (Pak van 4)** | **1** |
| **‘My Clear Bag” Meeco Book Bag** | **1** |
| **A4 30 Bl Flip File** | **1** |
| **A3 20 Bl Flip File** | **1** |
| **Inkleurboek (80 bladsye)** | **1** |
| **Swart skooltas**  | **1** |





*Hiermee dan ons laaste Katjie-Kapperjolle-uitgawe. Vanaf Januarie verskyn ons Katjie-Blits elke Vrydag met die weeklikse Graad R-Sentrum-inligting vir ons ouers.*

*In hierdie laaste briefie voor volgende week se Kuierdag is die wegtrek-inligting vir Januarie 2025. Ons laai al die Katjie-Kapperjolle en die Inligtingsgids van die Kuierdag in Mei-maand op www.rooikatkuier.co.za onder aflaai-bare dokumente sodat niemand na niks hoef te soek nie.*

*'n Paar algemene opmerkings:*

*Ons sluit die Skryfbehoeftelyste in, asook die kontakbe-sonderhede van al die lekker ekstra aktiwiteite vir 2025 vir ons Graad RR- en Graad R-Rooikatjies.*

*'n Versigtige woordjie oor aktiwiteite … moenie wegtrek met te vinnig te veel nie… gee jou RooiKat of RooiSkat 'n kansie vir eers aanpas, inpas en rustig sy/haar eie ritme vind. Ons personeel by die Graad R-Sentrum begelei die begin van die aktiwiteite. Die organiseerders van die aktiwiteite kom gesels ook eers en so bietjie-bietjie begin 'n wonderwêreld ontvou!*


*Ons deel met die Kuierdag 'n yskaskalender uit met 'n yskas-Rooikat-magneet vir daggies aftel en saam opgewonde wees vir 'n lekker nuwe avontuur! Ons is so opgewonde oor ons 2025-RooiKatjies en RooiSkatjies, want ons beleef net golwe vol positiewe energie en dit laat ons tone krul van lekker en weet ons staan in die wegspringblokke vir saam hardloop maan toe!*

*Ontspan asseblief as ouers en geniet elke stukkie opwind-ing saam met u Rooikatjie. Lê elke aand en gesels oor die nuwe avontuur na storielees-tyd en weet… ons val in gelid saam met elke gesin op die nuwe pad!*

*Mag elke gesin die wonder van kindwees sáám ervaar en die wonder van mensie-word met entoesiasme begroet. Hande-vat, hande-hou vir mooi wegtrek en later se onthou, is kosbaar. Geniet elke oomblik saam met u liefste Rooikatjie en onthou… sáám is ons sterker, daarom is ons by die Graad R-Sentrum en elke nuwe gesin ook saam 'n Rooikat-span sonder keer!*

*2025, hier kom die nuwe Rooikatjies!*






## Kontakbesonderhede: SINIKEZA

- 010 900 1105
- info@sinikeza.co.za
- **Aanlynwinkel:** https://sinstationaryshop.com.

**Winkeltye by die Sinekeza-Winkel self:**

**Maandag tot Vrydag 07:00 tot 17:30**

# MINI-NETBAL














# MINI-HOKKIE










**Spanpraatjies is ‘n ernstige saak! Rrrrooikatte!!!**







# ROOIKAT-BULLETJIES












# CENTURION KUNSTEFEES: PAS AANGEWYS AS DIE BESTE GRAAD R-KOOR (VIR DIE 6DE JAAR) EN BESTE LAERSKOOL-SPREEKKORE .














# AKTIWITEITE: ROOIKATLAND (Graad RR)

**Hierdie aktiwiteite word aangebied deur buitepersone teen 'n koste. Die lys is addissionele aktiwiteite. Aktiwiteite wat gratis is en deur die skool aangebied word is : Bulletjie-rugby, Mini-netbal, Mini-hokkie, Spreekkoor en koor.**

| AKTIWITEIT | KONTAKPERSOON | SELNOMMER | E-POS |
|---|---|---|---|
| Playball | Bernadette Vincent | 082 375 4516 | playballmenlo@gmail.com |
| RSD Rugby | Francois Smith | 082 066 6797 | Francosmith80@gmail.com |
| Experibuddies | Marilé Rischmuller | 082 852 1143 | marile@experi.co.za |
| Swem | Rentia Wessels | 082 773 6595 | enquiry@cpswim.co.za |
| Krieket-Akademie | Jaco de Swardt | 082 806 7115 | Jaco.deswardt@lscp.co.za |
| Pottebakkery | Nadia de Lange | 073 970 3053 | creativeplaypottery@gmail.com |
| Blokfluit en Klavier | Annalie van der Merwe | 083 303 4367 | annalievandermerwe@gmail.com |
| Viool en Klavier | Chrissie-Jane Stassen | 076 681 0482 | lynnwoodmusicschool@gmail.com |
| Ballet | Marianne Weidemann | 082 333 7314 | mariweideman@gmail.com |
| Kitaar | Annelie Theron | 082 775 2873 | anntheron@mweb.co.za |
| Hip-Hop en Moderne dans | Chanic Dance Studio Chanel | 074 329 0000 | |
| Stoei | Monique Thornhill | 082 784 1559 | ptaeast@tumblingtigerz.co.za |
| Rooikat-Wiskundesentrum Graad RR-7 | Mariska le Roux (Hoof) | 071 012 9613 | rooikatwiskunde@lscp.co.za |

# AKTIWITEITE: Graad R-Sentrum (Graad R)

**Hierdie lys dui addissionele aktiwiteite aan waaraan ons Rooikat-maats ook kan deelneem , maar wat buitepersone by ons Sentrum aanbied teen 'n koste. Aktiwiteite wat gratis is en deur die skool self aangebied word is : Bulletjie-rugby, mini-netbal, mini-hokkie, Titans-krieket, spreekkoor en koor.**

| AKTIWITEIT | KONTAKPERSOON | SELNOMMER | E-POS |
|---|---|---|---|
| Audiblox | Esmé Muller | 083 407 3033 | nem4k@outlook.com |
| Kleutermusiek | Esmé Muller | 083 407 3033 | nem4k@outlook.com |
| Playball | Bernadette Vincent | 082 375 4516 | playballmenlo@gmail.com |
| RSD Rugby | Francois Smith | 082 066 6797 | Francosmith80@gmail.com |
| Experibuddies | Marilé Rischmuller | 082 852 1143 | marile@experi.co.za |
| Swem | Rentia Wessels | 082 773 6595 | enquiry@cpswim.co.za |
| Krieket | Jaco de Swardt | 082 806 7115 | Jaco.deswardt@lscp.co.za |
| Pottebakkery | Nadia de Lange | 073 970 3053 | creativeplaypottery@gmail.com |
| Blokfluit en Klavier | Annalie van der Merwe | 083 303 4367 | annalievandermerwe@gmail.com |
| Viool en Klavier | Chrissie-Jane Stassen | 076 681 0482 | lynnwoodmusicschool@gmail.com |
| Ballet | Marianne Weidemann | 082 333 7314 | mariweideman@gmail.com |
| Kitaar | Annelie Theron | 082 775 2873 | anntheron@mweb.co.za |
| Hip-Hop en Moderne dans | Chanic Dance Studio/ Chanel | 074 329 0000 | |
| Stoei | Monique Thornhill | 082 784 1559 | ptaeast@tumblingtigerz.co.za |
| Rooikat-Wiskundesentrum (Graad RR-7) | Mariska le Roux | 071 012 9613 | rooikatwiskunde@lscp.co.za |

‘N LEKKER IETSIE OM SAAM MET MAMMA EN PAPPA TE DOEN

# ONS BAK PANNEKOEK

**Ons maak reg vir  die eerste groot reënbui en dan bak ons pannekoek van hier tot op die maan! Die lekkerste pannekoeke is die wat ‘n RooiKat of RooiSkat saam met Pappa en Mamma bak! Staan saam, bak saam, Rooikatte!**

## PANNEKOEK!


BESTANDDELE:

2 koppies (500ml) koekmeelblom
2 eiers
Halwe teelepel sout (2.5ml)
1 teelepel (5ml) bakpoeier
Halwe koppie (125ml) Kookolie
1 eetlepel (15ml) Asyn
1 koppie (250ml) Melk
2 koppies (500ml) Water
Bietjie olie vir bak
Suiker en kaneel na smaak


METODE:

1. Gooi al die bestanddele saam in een bak en meng vir 10 minute baie goed met 'n klitser.
2. Bak in bietjie olie tot ligbruin aan elke kant.
3. Gooi gemengde suiker en kaneel oor na smaak of maak enige vulsel om mee saam te geniet.







# ‘n Lusmakertjie! Kan jy al vir Rooi-kat teken?



Kyk of jy die weg kan baan sodat Kattermaatjie by Rooikat kan kuier!





# Trek die gebroke lyne. Gebruik verskillende kleure.





